# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (01/18)


(Volg my op Twitter justchad_cga)


*Justin Chadwick 5 Januarie 2018*


***"No matter what side of the argument you are on, you always find people on your side that you wish were on the other" Jascha Heifetz***

## LEMOENE - OORSIG


Limpopo is die grootste provinsie in Suid-Afrika waar lemoene verbou word - met 60% van die Valencia-boorde en 26% van die nawelboorde. Die grootste nawel produserende provinsie is die Oos-Kaap (40%), terwyl die Wes-Kaap op dieselfde vlak as Limpopo is, naamlik 26%. Gedurende 2016 het die volume van lemoene wat geproduseer is tot vlakke gedaal wat in laas 2007 gesien is - hoofsaaklik weens die daling in valencia produksie as gevolg van warm, droë toestande in die noordelike provinsies. In 2017 het valencias se volumes teruggekeer tot amper rekordvlakke. Die Oos-Kaap se nawel volumes het gedaal weens die warm, droë toestande. Die toestande het tot drastiese vrugval gelei.





## LONG TERM CHANGES




Die hektare waar Valencia en naweltipes geplant is, toon dieselfde patroon sedert 2000. Uitvoervolumes was wisselvallig – rekord volumes in 2013, voor dit daal in 2016 weens droë toestande.

## LEMOEN VERSKEPING 2017

Met die Valencias se uitvoere wat in 2017 herstel het, het alle bestemmings meer vrugte as 2016 ontvang - Europa (37%) het van 15.6 miljoen tot 19.1m kartonne toegeneem; Midde-Ooste (18%) van 8,6 m tot 9,3 m; Suid-Oos Asië (18%) van 5,8 m na 9,1 m; Asië (8%) van 2,7 m na 4,2 m; Rusland (7%) van 2,8 tot 3,7 m; VK (7%) van 2,2 m tot 3,4 m en Noord-Amerika (3%) van 0,9 m tot 1,4 miljoen kartonne. Omgekeerd, vir die nawels het Europa (30%), die Midde-Ooste (23%) en die VK (6%) van 8,2 m na 6,2 m, van 7,3 m na 4,8 m en van 1,6 m na 1,2 miljoen kartonne onderskeidelik gedaal. Daar was 'n effense toename in Noord-Amerika (15%) van 3.1 m tot 3.2 m; Suid-Oos Asië (17%) 3,4 tot 3,5 m en Rusland (6%) 1,1 m tot 1,4 miljoen kartonne.

**DIE CGA GROEP VAN MAATSKAPPYE (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) WORD DEUR SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS**

Citrus Growers' Association

OF SOUTHERN AFRICA

CRW